



STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel VII.

7 MAART, 1952.

No. 1.

GROOT EER VAL PUKKIE TE BEURT

Hennie Muller speel Krieket vir Transvaal

Enigste Afrikaner in span teen Transvaal

'n Seldsame gebeurtenis het plaasgevind in die krieketgeskiedenis van die P.U., toe die negentienjarige Hennie Muller, kaptein van die Universiteit se krieketspan, gekies is om vir Transvaal, verlede jaar se Curriebeker-kampioene, teen Natal te speel. 'n Groot eer het nie alleen hierdie belowende jong krieketspeler te beurt geval nie, maar ook die Potchefstroomse Universiteit.

Reeds van sy eerste jaar af speel Hennie vir die Puk se eerste span. Veral het hy uitblink op die gebied van bouswerk, maar 'n mens het nooit die indruk gekry dat hy ontuis voel met die kolf nie.

Hy het steeds opgang gemaak met sy krieket en is in sy tweede en derde jaar op Universiteit verskeie male gekies om Potch Dorp (gekombineerd) en Wes-Transvaal te verteenwoordig. Daar lg. wedstryde egter gewoonlik op Sondae plaasvind, was Hennie nog nooit gewillig om op te tree nie—'n baie noemenswaardige houding om in te neem!

Met die interuniversitêre krieketweek te Johannesburg, in Desember verlede jaar, het sy kans gekom om naam te maak. Uit die staanspoor uit was hy op sy stukke en laat spat hy Wits. se paaltjies by hope. In die daaropvolgende wedstryde vaar hy net so goed en kon aan die end van dié toernooi spog met 'n bousontleding van ongeveer 5 paaltjies per wedstryd en 'n kolfgemiddelde van 33! Op die laaste dag van die toernooi teken hy 88 lopies aan teen Natal en sodoende ook die tweede hoogste telling op die toernooi. Dit verseker hom van sy plek in die Suid-Afrikaanse Universiteitspan wat die volgende dag teen Transvaal speel. Selfs die Transvaalse kolwers kon die pyp nie rook nie, en op een stadium was sy bousontleding 5 paaltjies vir die verlies van slegs 41 lopies.

Hierdie pragtige prestasies het die Transvaalse keurkomitee laat besluit om Hennie 'n kans te gee om vir Transvaal te speel. Hulle was ook nie

teleurgesteld in hom nie want in die drie wedstryde wat hy vir dié provinsie gespeel het, het hy onder andere die paaltjies van die Springbokke, McGlew en John Waite, ingeoes. Sy terugkeer Universiteit toe het verhoed dat hy verder

diens doen vir Transvaal. Ons verneem dat hy ook op toer sy Alma Mater se naam hoog gehou het.


Ons is seker dat ons nog in die toekoms baie van hierdie belowende jong speler sal hoor. Wie weet, miskien voer hy nog sy prestasies tot by die Springbokspan en dit nog sommer moontlik binnekort!

DIE TEOLOGIESE SKOOL KRY 'N VYFDE PROFESSOR.

Op die Sinode van die Geref. Kerk, wat gedurende die vakansie vergader het is 'n vyfde professor vir die Teologiese Skool gekies in die persoon van dr. B. J. de Klerk van die Geref. Gemeente, Bloemfontein.

Dr. De Klerk sal D.V. sy werk aan die begin van die tweede kwartaal begin.

Hiermee wens die Alabama toergeselskap van 1951 hul innige meegevoel te betuig met die afsterwe van mnr. Lötter, ons busbestuurder en vriend gedurende die toer na Rhodesië.



HENNIE MULLER
Kaptein v.d. P.U. Krieket.

Drake en Dore word Eerstejaars

Die geselligheidskomitee word geluk gewens met hulle uiters geslaagde eerste geselligheid van die jaar, naamlik die ontheffingsdinee gehou op 23 Februarie in die Hoofgebousaal.

Meer as gewoonlik by sulke geleenthede die geval is, was die verhoog baie mooi en paslik versier en die tafels smaaklik voorberei. Aan eetgoed en drinkgoed het dit nie ontbreek nie, laasgenoemde was dan ook die oorsaak dat daar 'n opgewekte stemming geheers het.

Aan die hoof tafel het gesit die rektor, professore, lektore en hulle gades. Verder was die saal vol van ouhere met hulle oudames en eerstejaars met hulle skinkborde.

Nadat mnr. Styger die seremo-

nimeester, die gaste welkom geheet het, het prof. Kroeze die heildronk op die eerstejaars ingestel waarop prof. Coetzee namens die eerstejaars geantwoord het. Prof. van Rooy het hierna die heildronk op die oudames en ouhere ingestel.

As voorsitter van die Geselligheidskomitee het mnr. Blackie Kruger hierna 'n paar woorde van verwelkoming gespreek. Die gaste is verder onthaal deur puik musiek gelewer deur lede van die Alabama orkes, asook deur 'n sangsolo deur mnr. Jan Coetzee, 'n klaviersolo deur mej. De Lange en 'n vioolsolo deur mej. Wium.

Spesiaal moet melding gemaak word van die name van mejj. Salome Erasmus en Rina Oosthuizen vir die skitterende versierings.

A.S.B.-TOER 'N SKITTERENDE SUKSES

Pukke in Meerderheid

Die binnelandse toer van die A.S.B. gedurende die lang vakansie was 'n groot sukses. In die eerste plek het dit 'n finansiële wins van £24 afgewerp, maar wat van veel meer belang is: almal het dit ten volste geniet.

Die toerlede het in Johannesburg bymekaar gekom en daarvandaan per trein na Oudtshoorn vertrek—d.w.s. die Potchefstromers en die Tukkie. Die Bloemfonteiners het langs die pad aangesluit.

Op Oudtshoorn het die toerlede met oop monde in die grotte rondgedwaal. Die besoek aan Oudtshoorn kan beskou word as een van die hoogtepunte van die toer. Na die besoek aan die grotte het die klompie die stasie op horings geneem.

Daar het 'n uitstekende gees onder die klomp geheers. „Ons almal het dadelik tot die slot kom gekom dat die ander deur die bank 'n skitterende klomp is en uit die staanspoor was ons een groot familie—'n baie la-waaijerige familie,” aldus mnr. K. van Rooy, die toerleier.

Daar het geen enkele onreëlmatigheid van enige aard voorgekom nie. Die toer kan dan ook inderdaad beskou word as uniek

in die geskiedenis van dergelike toere.

Van Oudtshoorn is die geselskap na Stellenbosch, waar hulle vir die res van die toer tuisgegaan het. Vanuit Stellenbosch is die Boland verder per bus besoek. Daar is o.a. die volgende plekke besoek: Viljoenspas, St. Louriespas, wynkelders ens.

Om aan sekere persone krediet te gee vir die goeie gesindheid, sou nie juis moontlik wees nie, want almal, sonder uitsondering, het daartoe bygedra. Almal het besluit om, as daar weer so 'n toer is, dit beslis by te woon.

As Potchefstromers betreur ons egter die feit dat die toer deur die ander Universiteite so swak bygewoon is. Die geselskap het hoofsaaklik uit Potchefstromers bestaan terwyl ons die kleinste Universiteit is. Ons hoop dat die ander Universiteite in die vervolg erns van die saak wil maak en in groter getalle die toere sal bywoon.

PARKER EN KIE
(EDMS.) BEPERKAlgemene Handelaars
in YsterwareFoon 30 Bus 245
POTCHEFSTROOM.Besproeiings-masjinerie en Toe-
rusting voorsien en opgerig.

Werk gewaarborg.

Plaasimlemente en onderdele.
Gereedskap vir vakmanne.Wapens en Ammunisie, Visge-
reedskap, Kombuisgereedskap,
ens. ens.

J. TOD SUTTIE

KOMplete

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER
BENODIGDHEDE.127 Kerkstraat,
Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOMED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE

BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAP-
LIKE GRONDSLAG.KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depôt: Carlzeiss-Jena.

VIR—

Vis, Ertappels,

Verversings ens.

WELKOM KAFEE

Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM

Dis u kafee, Studente

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde
JAMAL MASJIJENLOOS PERMBekwame Mans-afdeling.
Sigarette en Fantasia Goedere.

PLAZA

TEEKAMER

Foon 249 Kerkstraat 105
POTCHEFSTROOM.

Studente!

U word beskou as eregaste
in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale
verlaagde tariewe verwag.

Van S.R.- Weë

Die jaar 1952 het reeds begin.
Namens die Studenteraad, hart-
lik welkom aan u almal wat aan
ons studentegemeenskap behoort.'n Nuwe jaar beteken ook nuwe
werksaamhede. As studente aan
'n inrigting met 'n daadwerklike
beginsel, is ons ook almal besiel
met nuwe ideale. Laat ons dan
in ons studentegemeenskap saam-
werk om ons ideale te verwesen-
lik.Vir die Studenteraad van 1952
met al sy onderliggame wag daar
'n groot taak. Ons is dit wat sal
moet voortbou en uitbrei op wat
in die verlede gedoen is. Tot elke
persoon op wie 'n taak in die
studentelewe rus: „Lewer u bes-
te.” Trouens, hierdie oproep kom
tot elkeen in ons studentegemeen-
skap, want vir elkeen is daar 'n
taak wat verrig moet word, om
aan die einde van die jaar die
vrugte daarvan te pluk.As elkeen sy tyd nuttig bestee,
sal daar genoeg tyd wees vir
studie, genoeg tyd wees vir stu-
denteorganisasies — genoeg tyd
wees vir ander ontspanning en
nog genoeg tyd oor—

Aan u dames en here

Eerstejaars.

U is welkom in ons studente-
gemeenskap. Die kennismakings-
proses is reeds verby. Die doel
daarvan was in die eerste plek
opvoedkundig, om u op hoogte te
bring met die gebruike van ons
inrigting en om van u volwaar-
dige P.U.kaners te maak. In die
tweede plek het dit vir u geleent-
heid gebied om kennis te maak
met u mede-studente. Ons hoop
dat u ook die beste voordeel
daaruit getrek het. U is die
persone wat in die toekoms sal
moet leiding gee in die studente-
lewe. Laat dit u erns wees om
van die begin af u beste te lewer.
Daar is verskeie vertakkings in
die studentelewe. Vir elkeen is
daar dus iets waarin hy of sy kan
belangstel.BULT FIETS en SKOEN
REPARASIEWINKEL

VIR BESTE DIENSTE.

Von Wiellighstraat 7,
POTCHEFSTROOM.

C. VAN DER MERWE

Kerkstraat 93, Potchefstroom.
POTCHEFSTROOM.Waarom sad jy loop as jy kan ry?
(’n Vraag van Frikkie Fietsryer
aan Fanie Voetganger).

Bespaar

TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur

’n Fiets aan te skaf.

CLASSIQUE MODES

Steeds die

DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.

DAMES, BESOEK

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE

’n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur,” maar laag
van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

Ons Sekretaresse.

Met dankbaarheid kan die Stu-
denteraad bekendstel dat sy ad-
ministratiewe werksaamhede nou
so ontwikkel het, dat ’n eerste eie
sekretaresse, in die persoon van
Mevr. Ryke, aan die begin van die
jaar aangestel kon word. Ook
aan Mevr. Ryke, ’n woord van
hartlike welkom.

Volkspele.

’n Verdere ontwikkeling is die
stigting van ’n Volkspelelaer wat
eersdaags sal plaasvind. Mag ook
dit bydra tot ’n gesonde studente-
lewe.Aan u almal dames en here
Studente, ons dank u vir u same-
werking tot dusver en ons reken
op u ondersteuning en samewer-
king in die toekoms.Laat ons in alles wat ons doen,
bewus wees van ons leuse: „In U
Lig.”J. LIGTHELM,
Voorsitter

...

Gelukwensing.

Dit is vir die Studenteraad ’n
genoeë om een van ons oud-voor-
sitters, Mnr. Bouke Spoelstra ge-
luk te wens met sy verlowing,
met Mej. C. van Wyk, ’n oud-
P.U.kaner.

...

Die Studenteraad wil langs hier-
die weg sy dank en gelukwen-
sing oorbring aan die Krieket-
klub met hulle mooi vertonings
gedurende die inter-universitêre
toernooi, die eerste week van De-
sember, te Johannesburg.Ook ons gelukwensing aan
Mnr. Hennie Muller, Krieket-
Kaptein, vir sy insluiting in die
gekombineerde Universiteitsspan,
asook in die Transvaal-span.

KORRESPONDENSIE

Die Voorsitter,
Studenteraad,
P.U. vir C.H.O.:

Geagte Voorsitter,

Graag wil ek hierdie brief aan
u en u medestudente deur middel
van u blad rig. Vergun my om
u as studente aan hierdie Uni-
versiteit van harte te bedank vir
wat ek as Leraar van die N.H. of
G. Kerk Potchefstroom-Noord van
u kant oor die afgelope aantal jare
kon ontvang en leer. Dit was vir
my dié groot voorreg in my be-
diening om hier onder studente te
kon werk en beweeg. Ek is alte
bewus van die tekortkomings
onder die omstandighede van by-
na tweeduisend lidmate. Ek kon
egter doen wat in my weg gelê
het en wil u almal daarvoor be-
dank. Namens my huis sê ek
ook dankie vir die talle studente-
vriende wat by ons aan huis be-
soek het, saam met wie ons op die
sportvelde kon speel, vir die toe-
geneë gesindheid wat ek altyd van
u kant ontvang het.U Universiteit het seker die
mees-besondere leuse van alleUniversiteite in die wêreld, iets
waarop u met reg trots kan wees,
maar ’n leuse wat op u ’n dure
verplichting lê om dit te handhaaf
in studentelewe, leer en lewe. Ek
het egter soms onder die indruk
gekom dat daar ’n gevaar in skuil
by sommige dat hierdie mooi
woorde slegs mooi woorde kan
bly, omdat dinge gedoen en toe-
gelaat word wat myns insiens in
stryd is daarmee en wat die naam
van u Alma Mater skade aan-
doen in die buitewêreld. Hierdie
leuse is u sieraad en u gevaar.
Mag u daarby bly met opregte
bedoelings.Ek het in die tyd van my ver-
blyf hier geleer om die Univer-
siteit te waardeer en wil my
graag vereenselwig met sy stre-
we. Mag van hier uit manne en
vroue gaan wat ons Volk en Kerk
op die beste en suiwerste wyse
gaan dien. My opregte seënwense
vergesel u as studentesamelewing
op alle gebiede waarop u mag
presteer.Met agting en hartelike groete,
U vriende,Ds. en Mev. Lieb en Iris Loots.
Die Pastorie,
17 Oktober, 1951.

:o:

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
1 Maart, 1952.

Geagte Redakteur,

Reeds vroeg in die jaar 1952
merk ons op dat die Ou Dames
van die Puk, net soos in die ver-
lede, ’n laaste desperate poging
aangewend het om hulleself onder
(Vervolg in volgende kolom).

Die Wapad.

7 Maart, 1952.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredakteur: J. T. Herselman

Administrasiehoof: J. J. Bekker.

Tegniese Adviseur: Jacs. van Rooy.

Hulp-Adviseur: R. van der Walt.

Sport (Mans): D. van der Supy.

(Dames): Mej. T. Struwig.

Sosiale Aangeleenthede: Mej. E. Breed.

Varia: D. F. Erasmus.

Kuns en Wetenskap: G. van den Berg.

Fotografie: L. J. Potgieter.

Nuus: F. R. P. de Bruyn.

WELKOM PUKKIES!

Dit is die wens van ons as
redaksie van „Die Wapad” om
alle Pukkies hiermee hartlik te
groet en welkom te heet. Wat die
nuwelinge betref, moet ons meld
dat hulle ons universiteit kwanti-
tatief baie sterker ondersteun het
as vroeër jare. Ons hoop dat die
kwantiteit met die tyd in kwali-
teit sal verander. Ook hulle is
baie welkom!Aan diegene wie se ouderd-
dom al teen hul begin tel, so-
dat die verstand nie meer die
vlugge gang van vroeër kan
volhou nie, en dus genoopt is
om maar hul laaste wanhoops-
poging hier te kom uitworstel;
aan hulle veral wens ons ’n
baie aangename jaar toe. Ge-
niet dit, julle oues van dae,want die dae sal kom dat julle
sal sê: „Ek het daar geen be-
hae meer in nie!” Voor julle dus
die weg van alle vlees gaan
aanstaande jaar, geniet die
laaste stuiptrekkinge!Aan een en almal—hartlik wel-
kom en sterkte vir die jaar!Gun my die geleentheid om u
almal se hulp en ondersteuning
vir hierdie blad dwarsdeur die
jaar te vra. Peper mekaar maar
goed d.m.v. briewe en ander
kwinkslae!Dit is my verder ’n genoeë om
te kan meld dat ons in verbind-
ding is met ’n Berlynse pers en
vandaar weeklikse blad ontvang.
Van tyd tot tyd kan ons dus
brokkies nuus e.d.m. van oorsee
plaas. Ons is dus eintlik ’n in-
ternasionale blad!Ons dank julle by voorbaat,
Pukkies!

...

Hier is ’n paar sakies wat ons
graag sal wil hê u in ag moet
neem indien u artikels e.d.m. vir
plasing aanbied: Skrywe net aan
die een kant van die bladsy; laat
’n kantlyn van ongeveer ’n duim
aan die linkerkant; laat links van
die opskrif ’n spatie van ongeveer
een duim en regs een van twee
duim. Ten slotte: skryf tog
maar leesbaar! Dankie.die aandag van die Ou Here en
Drake te bring. Hulle het naam-
lik die inisiatief en oorspronklik-
heid aan die dag gelê om die arme
wesens wat hulle in die pad staan
tot hierdie seer gewigtige stap van
die lewe, in een woord gesê, die
Dore, te isoleer deur hulle te hek.
Genoemde desperate poging spruit
natuurlik voort uit die feit dat dit
nie meerlank sal neem voordat
sommige van die Ou Dames die
boonste sport van die leer wat
na die rak lei, bereik het nie.Verder merk die Ou Here op
dat die wanpraktyk van die verfk-
was en poeierdoos skrikwekken-
de afmetings begin aanneem. Is
dit nie moontlik vir doe Hof van
Hades om ’n amendement te voeg
by die Bek- en Klouseerbill, wat
voorsiening sal maak dat sodanige
vermomming en beskildering tot
’n minimum beperk sal word nie?
Die Ou Here hou tog immers so
baie van natuurlikheid.Ten slotte wil ek net meld dat
hierdie brief nie sleg bedoel is
nie. Ons hoop en vertrou dat die
dames hierdie opbouende kritiek
ter harte sal neem.

Die uwe,

DALU.

Nou vra ek jou!

Hier, geagte leser, het u voorwaar 'n sosiale probleem—eintlik 'n patalogiese verskynsel—die aangeleenthede van gister, vandag en môre. U moet erken dat vanaf die jare her, die sosiale aangeleenthede agteruitgegaan, gedege-nereer en uiters korrupt geword het, selfs wat universitêre inrigtings betref, veral wat die behan-deling van eerstejaars betref. Sels die vakke wat reedsgenoem-de eerstejaars moes geloop het, het verander. Die volgende was die bedangrikste vakke:

1) Wat 'n jong man/vrou be-hoort te weten. Wat weet hulle vandag? Die bankies slaap onge-stoord in die rus van die eeue gesus.

2) Hoe om aan te lê. Dis 'n kuns wat ons deesdae almal ver-leer het—let op die ou fossiele wat hier rondloop.

3) Die meisie/man van my hart. Helaas! die meeste van ons besit geen hart meer nie.

4) Die puberteitsjare.—Hierdie besit die moderne jeug nie meer nie. Hulle waag 'n sprong daar-oor—as gevolg waarvan kan die medici, psigoloë en U.O.D.'s nog nie vasstel nie.

Vandag is die vroeër veelge-sogte en alombeminde Oskamp en B-veld gladnie meer in die „limelight” nie. Die „Gold Rush” het ontaard, en die Ogpoe be-staan nie meer nie. Flirtasie is deesdae so 'n ongehoorde iets dat daar noual samesprake tussen bankies en bome geskryf word.

Dit, geagte leser, mag u 'n in-druk gee van hoe sake was. . U weet hoe dit is. Die toekoms wag gespanne, en u maak die toekoms. Hoe sal dit wees?

DIE OU WERELD TOG
Van Oral en Nog Wat

Die Swakkere Vat!?

Die mansmense is baie geneig om nog die verouderde tradisie van die vrou as die swakkere vat te beskou, te huldig. Luister bietjie: 'n Tyd gelede is in Bra-silië 'n mediese ondersoek vir alle boksters gereël. Hierdeur is aan die lig gebring dat die bekende bokser, Salvore, wat 124 van „sy” 150 gevegte gewen het, 'n vrou is! Gelukkig is „hy” lewenslank ge-diskwalifiseer”!

Eienaardige Vonds.

Twee Jutlanders het onlangs 'n eienaardige vonds gerapporteer. 'n Universiteitsprofessor het die vol-gende uitleg aan hul vonds ge-heg: Hulle het naamlik die lyk van 'n man uitgespit terwyl hul besig was om turf te grawe. Die lyk was nog taamlik ongeskonde. Om die nek is 'n leertou gevind. Volgens die professor is die lyk al ongeveer 2000 jaar hier be-

grawe. Blykbaar is dit die lyk van 'n veroordeelde wat deur die leertou aan sy einde gekom het. Veral die gesig is nog taamlik ongeskonde en vertoon selfs nog baardstoppels, soos op fotos dui-delik sigbaar is.

So'n ou Haan!

Onlangs is 'n 48-jarige snyer, Felix Heinke, in Hannover voor die hof gedaag. Hy is daarvan beskuldig dat hy aan 50 vroue oor die hele Duitsland verloof is en deur hulle onderhou word. Verder het hy betrekkinge met 150 ander vroue. Hy het 'n advertensie in 'n koerant geplaas waarin hy aansoeke om 'n „warmhartige vroultjie” vra. Uit sy 300 aan-soeke het hy slegs 'n klompie van die bestes uitgesoek. Sy stre-ke is uitgevind toe die staat rap-porteer dat 30 verskillende „bruide” die lisensie betaal van een motor behorende aan een man!

P.U.K. SE AANDEEL
AAN DIE
VAN RIEBEECK-FEES

Hier is die rede vir
die Baardkoors!

Oor drie weke sal een van die grootste feesvierings in die geskiedenis van ons land 'n aanvang neem in die moederstad, en vir 'n weeklank sal die oë van die wêreld op Suid-Afrika gerig wees.

Die doel van die Fees-kommissie is om die Van Riebeeck-fees so ver moontlik verteenwoordigend te maak van al die samelewings-groepe en organisasies in Suid-Afrika.

Al die Suid-Afrikaanse universi-teite is dan ook deur die Fees-kommissie uitgenooi om aan die geskiedkundige sierwa-optog wat op die 3de en 4de April in die Moederstad gehou sal word, deel te neem. Die Potchefstroomse Universiteit sal in hierdie optog 'n voorstelling van die Sandri-vier-konvensie aanbied. Die voor-stelling sal die ondertekening van die traktaat deur Andries Preto-rius en sy sekretaris en Owen en Hogg voorstel.

Aangesien mej. Anna Neethling-Pohl, die optog-leidster, daarop aandrang dat die voorstellings so getrou moontlik moet wees; het proff. Kruger en Eiselen, die be-velhebbers van die Puk-sierwa, navorsing laat doen oor die juiste kleredrag en uniforms van 1852. Aan 'n lokale kleremaker is toe opdrag gegee om die uitrustings te maak. Aangesien daar ook geen valsbaarde geduld gaan word nie, moes die deelnemers al van verlede Oktobermaand die skeer-messe wegbêre en die natuur sy gang laat gaan—die hele Puk praat nog daagliks oor die ge-voel.

Oorspronklik was daar 10 deel-nemers gekies (nog 'n lansier en nog 'n burger), maar aangesien dit later geblyk het dat 10 per-sone te veel vir die sierwa sou wees, moes die getal tot die hui-dige agt verminder word.

Die Potchefstroomse stadsraad wat goedgunstiglik geoffer het om die aansienlike onkoste verbonde aan die voorstelling te help dra, het gevra dat die sierwa ook ty-dens die besoek van die Poskoets aan Potchefstroom vertoon word. Die Sandrivier-konvensie het dan

ook heelwat „geshine” toe die Pos koets op 14 Februarie hier deur is.

Nog 'n besienswaardige item tydens die Feestelikhede in Kaap-stad sal stellig die reuse volk-spele-vertoning wees. Hier sal daar ook onder die 3,150 pare, 6 pare van Puk wees. Hierdie 12 neefs en niggies sluit aan by die Potchefstroomse R.D.B.-groep wat deur Tannie Coetzee afgerig word.

Hoewel die groep kort gelede eers begin oefen het, sal hulle seker onder die bekwame leiding van Tannie Coetzee slaggereed wees vir die grootvertoning op 5 April.

Ons wens al hierdie diplomate van die Puk sterkte toe en ons hoop dat hulle die fees sal geniet. Ook hoop ons om 'n skare ander Pukke daar te sien.

(Vervolg van vorige kolom).

baasraak, moet julle afkoel deur albasters te pruim en glasstukke te eet. Wanneer jul oordeel gevra word moet julle vuur spoeg en lawa braak . . . julle wat 'n tor-nado in jul ingewande omdra!

Op julle, wie se oë blink soos die oë van bokooie wat weggelam het, wie se ore soos voorbodes en damskroppe orent staan, wie se buikvelle soos uitgetrapte skoene lyk . . . ja op julle wat die regskennis uit True Stories en Penny Horribles geput het, sal hierdie opdoemeling van die dieptes van inferno; duistere op-drifsels uit die waters van Hadi, afkomstig uit die afgeleë dwang-kolonie, Drakonië, hoop!

Mag die voorafgaande woorde en die vele wat nog sal volg, op-geteken en bewaar word sodat dit kan dien as vingerwysing vir hulle wat na julle dit hier sal waag. Opdat hulle kan sien wat reeds gebeur het en weer mag ge-beur!

Myns insiens is die hof ge-open. Jean Visè, Deadman, vervolg!

Drak aangekla volgens wet no. 1.

Hierdie drel is betrap dat hy sy daggapyp agtr 'n trassiebos lê en suig. Drie dae daarna het sy asem nog na rook geruik!

Verdediging:

Goeie hout rook nie . . . kan 'n miskoek help dat hy rook?

Conclutie

Lex per kruiam skadëliae finis est Genoemde orakel, wee-moedig soos dit die vrolike hart stem, en synde bereken om 'n kontribusie te wees tot die cor-porale welstand van die reeds

(Vervolg in volgende kolom).

Kennismaak

Uit my daggadeurtrekte boesem met my oë na die maan Stort ek in liederlike klanke 'n klaaglied oor my draakbestaan. Met my skurwe klou breinskok-kend op my bors, Terwyl my omkrullippe met oor-dent'lik taal staat mors; Raak ek kwyt van eg draak'lik simpelhede, En deur my rookdeurtrekte oë, Sien ek daar, o help my, o! 'n Ridder op my drake-korpus toegestorm; My longe slaat 'n samba, En my hart „jaaf” 'n rumba My bene beginne klater, En my oë wil net water; „Wie ben je gedrogtlik reptiel en draak?

Segge, bees, of je sal dat de aas-vogels met je maak

Een heerlijk maal

Sprak man je leven ben op een skaal.”

En so het 'n veragtelik draak Met 'n ou-meneer kennis gemaak!

(Vervolg van vorige kolom).

tot vervelensgenoemde drelle ens., is 'n voortbrengsel ex naturalia van die vermufte en reeds lank gedefungeerde oftewel gedefunk-sioneerde, oftewel gekrôkte denk-vermoë van die Laaifghaar van die Papiri van Hades. Die me-lankoliese ondertoon word baie juis, oftewel presies, weerspieël deur die volgende kwotasie uit die Laaifghaar-pypers:—

„Deemoed en smert zijnde de uwe aangedaan by het aanschou-wen van een misvormd jongeling dat aan een holle apparaat zijn lippen zogen deed, met de daar-mede gepaardgaande uitbliezen van mestdampen door de nasale excavaties. Bij uitnemendheid doet de smert en deemoed zich voelen, wanneer er aan gedacht werd dat de genoemde excava-ties, gelyk alle andere excavaties van de corpus, niet voor de em-migratie van mestdampen gepre-pareerd zijn, en dat een derge-lijke misbruik, voor zulk een jon-ge drelliese corpus, per essen-tiam zeer schadelijk aandoet.”

LUCILLE DIE ROK
SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146,

POTCHEFSTROOM.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner
J. P. V.D. WALT,
L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Aptek verlang word.

Hades Revibibus

Dico Aliquid
Ante Rem

Die hofsaal van Hades sit gepak, of te wel ingeryg van ou vaders en moeders in die dik stilte wat soos jellievis vasklou, of te wel klewe teen die albynse wand van Hades, om die ek-spoeg-natiewe drama van die kreature wat met matrieksertifikaat in die sak spog soos 'n vark met die kaart en transport van die V.V.O. se mie-lievoorraad. Die disklororatiewe vlakke waarop hulle hoop te eet en drink of te wel gevreet te ontwikkel toon die natekens van pampoentjies op 'n vroeëre sta-dium van infantiliteit.

Skielik . . . ! Pelserius, wapen-draer of te wel naaldekokker, wat op hipostatiese kegelsnitte of te wel sokkies die interspasies deur-snoek of te wel uitvis, stel sy or-gaan in werking, of te wel, vibreer die lokaal van sy oraliteit: „Stilte . . . !”, klink dit—'n penanaskil val saggies 'n brommer dood—en die prosessie kom ligvoets en wie-gend op deurgetrapte rigbietôkse

die keerklinkende lokaal binne. Voor, die hofklêrrek en tafelbe-diende van die regter, of te wel hoofregter, in sy edelgestrengheid, in die naam van Hades, Stier, wat tweede, of te wel net agter die voorste een, loop. Sy haarlokke hang soos vlieëpapier van 'n melkkamer se dak. So tussen hakies, die klêrrek van die hof versteek sy entiteite of te wel modaliteite agter die liederlike perkament papierie van Hades. Sir John Fischer, aanklaer, met wange wat hang soos ou baadjie-sakke en hande soos vetkoeke stap net voor „de verdediger des novitsies pas aangekomen uit Holland dragende de nominale aanhegsel van Klaas Waarsegger, of te wel Windvogel, of te wel Drollepeer. Nou kom die voor-sitter van die jurie, Desiderius Erasiekof, sy baard vol skeermes-lemmetjies en sy lede—hulle wa-tertjies was geknip—met hangen-de ore soos ondervoede straat-brakke. Nadat die natuurlike kussings van die korpus rus, of te wel steun gevind het, begin die grote Stier:

(Vervolg in volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

Openingsrede
deur Hoofreg-
ter Stier

Onagbare lede van die Jurie, Dames en Here, julle wat hier sit, beslis om te bly totdat die laaste eer van die hof gehandhaaf is, julle sal my bystaan soos klewe-rige najaarsvlieë teen 'n kom-buisplafon, soos eierdoppe en piesangskille in 'n vuilgoedblik . .

Al sou julle verward raak in jul bloedige, dubbelsinnige uit-sprake, tog is ons saam met julle bly dat 'n motorkar nie voor-„cones” het soos 'n „bicycle” wat kan vasdraai nie.

Wanneer die woede julle wil

(Vervolg in volgende kolom).

KLERASIE

vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die
Laagste Pryse.GROOT WAARDE!
KLEIN PRYSE!Spesiale Behandeling vir
Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

AFRIKAANSE
PERS-BOEKHANDEL

Kerkstraat, Potchefstroom

vir

STUDIEBOEKE EN
SKRYFBENODIGDHEDEDirekte verbinding met
Oorsese Uitgewers.
“Steeds tot U Diens.”

Foon 363.

Bus 149.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE
WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet
S & SSuper Dilla
en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN
Foon 16W. J. SPAVINS
EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.Gedruk deur Die Westelike Stem,
Posbus 156, Potchefstroom.P.U. OP DIE
KRIEKETWEEK
WAARDEVOLLE ONDER-
VINDING OPGEDOEN

Vir die eerste maal sedert 1948 was P.U. weer vanjaar verteenwoordig op die interuniversitêre krieketweek. Die span wat daarheen gestuur is, het hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Weliswaar kon die Puk-span net een wedstryd wen, maar die ondervinding wat opgedoen is, se waarde is onskatbaar. As daar elke jaar 'n span na die krieketweek gestuur kan word, sal dit baie vir die spel as sulks, op ons Universiteit beteken.

Wat die verloop van die wedstryde betref: ons boulders het besonder goed gevaar. Hier moet natuurlik eerstens die naam van Hennie Muller genoem word. Hy het deurgaans onvermoeid en skitterend geboul. By twee geleenthede het hy ook pragtig vertoon met die kolf. Oor die algemeen was die kolfwerk van die span baie treurig. Dit is beslis 'n afdeling van die spel waaraan die Pukke aandag sal moet gee. Oor Styger, as paaltjiewagter, kan nie anders as met lof oor gepraat word nie. Hy was deurgaans baie bestendig en by tye selfs uitstekend!

In die eerste wedstryd teen Wits., het die Pukke 'n besondere prestasie behaal om die sterk kolfspan van Wits. vir slegs 150 lopies van die baan te haal. Daar-

op het egter 'n kolfineerstorting onder die Pukke ingetree en almal was uit vir 27.

Die volgende dag is Tukkie vir iets oor die 70 uitgehaal, maar weer was die Puk se kolfkrag onvoldoende en Tukkie het met 17 lopies gewen. Daarna het die enigste oorwinning vir die P.U. gevolg toe ons U.O.V.S. met ses paaltjies geklop het. Die uitblinkers in die Puk-span was Harm Kruger met 50 lopies, nie uit nie en Hennie Muller met 33 nie uit nie.

Daarna het Maties die Pukke weer kaggedraf en die laaste dag kon ons span net nie daarin slaag om Natal tot 'n gelykop-uitslag te dwing nie. Muller, met sy 88 lopies, was hier die held van die dag.

WAT HET ONS BYGEKRY OP
SPORTGEBIED?

Die Universiteit is nog slegs 'n paar weke aan die gang en reeds het ons volop geleentheid gehad om die sporttalent van ons eerstejaars deur te kyk. Dat die talent wat ons bygekry het ook so volop is, kan ons egter nie eintlik sê nie.

Ongelukkig is geen krieketwedstryde tot dusver gespeel nie. 'n Hele paar is al gereël, maar moes weens onvermydelike omstandighede uit- en afgestel word. 'n Mens kan die krikettalent onder die eerstejaars dus net volgens die oefeninge beoordeel. Hier het Du Plessis en Coetzee die oog gevang. Verder is daar nogal groot entoesiasme onder die eerstejaars vir hierdie sportsoort en met oefening en ervaring kan hulle dalk in eersteklas krieketspelers ontwikkel.

As atlete het daar maar baie min eerstejaars opgedaag. Met die eerstejaarsportbyeenkoms het slegs Steyn met die 100 tree en Duvenhage met die spiesgooienigsins aandag getrek. Van Helsdingen blyk egter ook 'n goeie atleet te wees. Hy is nog onder 17 en het die halfmyl reeds in 2min. 9sek. gehardloop.

Dit lyk verder of ons 'n paar goeie voetbalspelers bygekry het. 'n Nat veld het hulle egter verhinder om hulle beste te lewer toe hulle die dag teen mekaar gespeel het. 'n Mens moet dus liever wag tot later in die seisoen om te sien waartoe hulle in staat is.

Tot dusver het die reën die tenniseerstejaars nog in die wiele gery.

JUksKEISOEN
BEGIN FLUKS.

Sommer uit die staanspoor was dit duidelik dat ons vanjaar baie van ons jukskeispeleers kan verwag. In die eerste wedstryd van die seisoen het hulle reeds 'n oortuigende oorwinning behaal oor Dorp. Die eerste span het Dorp met 13½ punte teen 11½ geklop. P.U. se tweede span, wat beslis hulle teenstanders oorskadu het, was ongelukkig om slegs gelykop te speel. In 'n onderhoud het Pottie, die kaptein van vanjaar, gesê dat daar groot talent onder die jukskeispeleers van vanjaar bestaan, en dat hulle hul bes gaan doen om hulle ondersteuners tevrede te stel.

Nuwe Orde?

Professor: Syfers lieg nooit nie; bv.: een man bou 'n huis in 12 dae. Dus 12 man bou dit in een dag, ens. . . .

Student: Ja, syfers lieg nooit: een skip vaar in ses dae oor die Atlantiese Oseaan. Dus ses skepe sal in een dag oorvaar!

Studente!!!

Vir al u

HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.besoek ons en wees verseker
van goeie diens.UNIE-
BOEKHANDEL

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 90.

Foon 497.

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE
BAKKERY

BROOD en alle KOEKsoORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

T. WEVER

BOEKHANDEL

en

AUTIKWANAAT

vir al u

Wetenskaplike

Boeke

—:—

Volkasgebou

Telefoon 1164.

Kerkstraat 62.

GILFILLAN EN
STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN
FIETSREPARASIESBeter Tabak *
maak Beter Sigarette

Waar u ook mag wees

Kommando

Suid-Afrika se

gewildste

sigaret



* Die Vervaardigers van Kommando is die

grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

GI-3074